## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

KONTAKBESONDERHEDE


**Terblanche Jordaan**
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad: www.neospektrum.co.za**
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**


ACIM: Stad 2/9 en Kolping 12/9
Verjaarsdagete — *Sondag 15 Sep '19*
Lente ETE — *Saterdag 23 Nov '19*

**Boekgroep**
**Maandag: 7 Oktober 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **bookings@neospektrum.co.za**

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van ________________________________

E-Mail________________________________ Sel____________________

ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

SnapScan
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM
## 8 SEPTEMBER 2019
## THE GIVENESS OF LIFE
## ~ GEBOOIE ~

## STILTE IN DIE KAPEL
~ AGNUS DEI (MISA CRIOLLA) — MERCEDES SOSA ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Om U **WIL**** te doen, is my plesier, u rigtingwyser (torah) is in my ingewande. Ek het bekendgemaak die bydraes (offergawes) van U geregtigheid in die gemeente – KYK! my lippe hou ek nie gesluit nie, O Here U weet dit! U regverdigheid het ek nie gesluit gehou in my hart net vir myself nie, U getrouheid en U redding het ek van vertel, ek het U vriendelikheid en U waarheid bekend gemaak aan die gemeente. U, O Here, moenie U ontferming van my weerhou nie, U vriendelikheid en waarheid bewaar my. **(Psalm 40:9-12)**

** **U WIL te doen:** רָצוֹן (ratzoon) — ***pleasure, delight, favour, goodwill***

Dit is die **WIL**** van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat. Julle is vry, maar moenie julle vryheid gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie. Gebruik dit om God te dien. Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. **(1 Petrus 2:15-17)**

** **Die WIL van God:** θέλημα (thelema) — ***will, desire, splendour, delight***

## STILTE VAN BINNE

## — COMMITMENTS: DISCIPLINE, DEVOTION, AND DEDICATION —

*"Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipte, uit die land van slawerny bevry het ..."* — Exodus 20:1

==================================================================

### DIE VRAAG IS NIE "WAT IS DIE WIL VAN GOD" NIE MAAR HOEKOM DOEN ONS NIE WAT ONS SÊ NIE?

***1. GEBOOIE IS NIE GOD SE AGENDA WAT MET MERIETE WERK NIE*** — God het nie behoeftes en verwagtinge nie, en maak jou nie bang met 'n hel of koop jou om met 'n hemel nie. God is die ALLESINSLUITENDE. Die vraag: is daar by my 'n bewussyn (**consciousness**) van hierdie waarheid?

***2. GEBOOIE IS 'N HERINNERING VAN EENHEID MET GOD*** — die illusie van *'separation'* is 'n **'helse'** leuen. *'Verwydering'* lei na emosies van *'verwerping'* en *'veroordeling'*. Die vraag is: is ons bewus (**awareness**) van ons ubuntu?

***3. GEBOOIE VERLOS ONS VAN SLAWERNY EN VERSLAWING*** — die goed wat my boei en besit ... die illusie van *'nie-genoeg-nie'* ... ons bygeloof en selfgeregtigheid. Die vraag is: wat is jou fondasie en waar is jou anker; vind jy jou TRUE NORTH (kompas) in God se teenwoordigheid (**presence**)?

***4. GEBOOIE IS OM DIE STEM VAN GOD TE HOOR*** — dit is nie 'n stem wat vrees en skuldgevoelens inboesem nie maar 'n stem wat ons oproep tot vergiffenis en versoening. It is more of an invitation than an order; more of a commitment than a commandment; more devotion than indifference. Die vraag is: will it wake you up (**awakening**) to take responsibility?

***5. GEBOOIE IS 'N GEBOORTE UIT GOD*** — die **WIL** van God is die **wil** van my lippe en oë; die **wil** van my ore en lippe; die **wil** van my hande en voete; die **wil** van my hart. Die vraag is: will my **rebirth** see the blessings of God?

==================================================================

*"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."*
— Lukas 10:27



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ LA CALIFFA — ENNIO MORRICONE ~

---

Hoe omsigtig, my God,
maak U my touwys om
die oogklappe van my gedagtes te verwyder
en teuelvry U lief te hê
en sodoende die toertjies my beskore
uit te voer in die veiligheid
van die arena
want net U liefde is niks anders nie
hoe teer roskam U my
om houtgerus te rus
in die wenkampie van U Liefdes-Almag.

— Hélène Kesting —

Vanoggend toe ons wakker geword het,
het U lig op ons geskyn –
Mag ons gedagtes bevry word deur U lig,
mag ons siele U seëning sien,
mag ons harte U liefde ervaar.
Mag U lig deur ons skyn vandag
en reflekteer na almal wat ons sal ontmoet
of aan wie ons sal dink –
Mag ons vandag vrede bring in die wêreld
deur U lig te weerkaats
sodat ons U **WIL** met ons lewens kan begryp,
U **WIL** met die wêreld kan bereik.
Openbaar U **WIL** aan ons -
Ewige Lig – wys ons hoe!

---

## Be the Awareness of the Presence of God

~ LIBERTA - LESIËM ~